Julie - Augustus 2023

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 22, No. 4 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jul & Aug 2022 *Tomorrow's World*-tydskrifte



'n Persoonlike boodskap van
Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## Het verskeidenheid te ver gegaan?

Kyk rond en u sal 'n wêreld sien wat getuig van God se liefde vir verskeidenheid. Ons planeet het talle bergreekse, valleie en vlaktes. Kabbelende stroompies en riviere in die berge wat paadjies vorm wat na mere, laagliggende areas en uitgestrekte oseane lei. Ons sien reënwoude, woestyne en alles tussenin.

Daar is blomme van alle vorms, kleure en groottes en “meer as 60,000 spesies bome wat in alle vorms en groottes voorkom, van majestueuse seders tot kleiner vrugtebome en struike” (“*Types of Trees with their Name and Picture-Identification Guide,*” *LeafyPlace.com*). Voëls kom in alle kleure, groottes, vorms, gewoontes en voëlgesang voor. Aasvoëls sweef vir ure op 'n slag op lugstrome, terwyl die klein veerligte suikerbekkie met spoed en behendigheid rond dartel. Nie almal van hulle het dieselfde voorkeure wat voedsel betref nie. Is u nie bly dat u nie 'n aasvoël is wat muishonde en buidelrotte vreet nie? Aasvoëls het tog 'n belangrike ekologiese doel en floreer op hulle slagoffers wat op paaie doodgery word. Die oseane is vol vreemde en verskillende wesens waarvan sommiges so ongewoon is dat wetenskaplikes dit moeilik vind om te onderskei of dit plant of dier is.

**Miljoene wesens**

Presies hoeveel verskillende diere is daar? Volgens verskeie hulpbronne is daar sowat 2,1 miljoen geïdentifiseerde diersoorte. Dit sluit miljoene ongewerwelde diere in, waaronder meer as 1 miljoen insekte, 110,615 spinnekoppe, 80,460 weekdiere [ongewerwelde diere soos bv. slakke], 80,122 skaaldiere [bv. krappe, krewe] en 2,175 korale. Van die bekende gewerwelde diere is daar 35,672 visse, 8,250 amfibieë [bv. paddas], 11,341 reptiele, 11,158 voëls en 6,485 soogdiere (“*How many species are there?,*” *OurWorldInData.org*).

Wetenskaplikes verseker ons dat geen twee sneeuvlokkies presies dieselfde is nie, maar tog het elkeen 'n seskantige patroon. Net so is geen twee mense dieselfde nie, maar elkeen is geskep volgens die genetiese kode wat deur God geskryf is.

God se skepping getuig dat Hy van verskeidenheid hou. Die soort verskeidenheid waarmee ons kinders deesdae egter by die skool kennis maak, is iets wat God *nie* liefhet nie. Ja, Hy het alle mense lief, ongeag ons vorm, kleur of grootte en selfs ten spyte van ons persoonlike tekortkominge. God is lief vir ons talente en persoonlikhede. Hy was immers die Een wat ons geskape het, net soos Hy die sneeuvlokkie ontwerp het met so 'n verskeidenheid van moontlikhede. Dit beteken egter nie dat Hy van alles hou wat ons doen nie! Sy Gebooie openbaar dat sekere gedrag Hom nie behaag nie.

Om voor standbeelde en voorstellings van God neer te buig is 'n voorbeeld van wangedrag. Afgode verlaag die groot Skepper tot die vlak van iets wat deur mensehande gemaak is en lei ons weg van die regte wyse van aanbidding van God. Let op hierdie deurdagte verslag van die dwaasheid van afgode, waar gepraat word van 'n boom wat afgekap is:

"Die helfte daarvan het hy in die vuur verbrand: by die een helfte eet hy vleis, hy maak braaivleis klaar en word versadig; ook maak hy hom warm en sê: Ha, ek het warm geword, ek het vuur gesien! En van wat oor is, maak hy 'n god, sy gesnede beeld; hy kniel daarvoor neer en buig hom en aanbid dit en sê: Red my, want u is my god! ... en niemand neem dit ter harte nie, en daar is geen kennis of verstand om te sê nie: Die helfte daarvan het ek verbrand in die vuur, en ook het ek op die kole daarvan brood gebak; ek het vleis gebraai en geëet; en sal ek van die oorblyfsel daarvan 'n gruwel maak? Sal ek neerkniel voor 'n stuk hout?" (Jesaja 44:16-17, 19).

Die verskeidenheid in aardrykskunde, flora en fauna of talente en persoonlikhede, is heeltemal anders as om te verskil van die morele gedrag wat God van ons vir ons eie

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Het verskeidenheid te ver gegaan?**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Duitsland getransformeer** 3
Hierdie werk voorspel reeds dekades lank wat Duitsland se geprofeteerde rol in wêreldgebeure sal wees voor Christus se Wederkoms. Die vraag is: Hoe?

**Sewe sleutels vir Bybelstudie** 8
Ontdek sewe lewensbelangrike sleutels hoe om u Bybelstudie te verryk en die waarhede van hierdie dikwels geheimsinnige boek te ontsluit.

**Roe vs. Wade vs. Amerikaanse Kongres vs. God** 11
As gevolg van 'n dokument wat uitgelek het is die hooggeregshof in party-politiek betrek. Wat voorspel dit vir Amerika?

**'n Sabbatsrus vir 'n angsvolle wêreld** 15
Iindien u gebuk gaan onder gevoelens van angs, is u nie die enigste nie. Wat kan u daaraan doen? Behoort u dalk 'n "Sabbat leefstyl" te oorweeg?

**Die werke van Sy hande Geprogrammeer om te soek** 24

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIË:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Duitsland getransformeer

## Deur Gerald E. Weston

"Hou die Sowjet-Unie uit, die Amerikaners in en die Duitsers onderdanig". Daardie bondige opsomming van die doel van die Noord-Amerikaanse Verdragsorganisasie het gekom van Lord Hastings Ismay, die eerste sekretaris-generaal van NAVO (*"After 77 years in timeout, Germany is crucial to the fascist resistance"*, *WashingtonPost.com*, 8 April 2022). Min mense onthou vandag vir Lord Ismay – nog minder mense onthou sy geskiedkundige kommentaar, maar dit word nou sowat 70 jaar later weer in herinnering geroep in die lig van die Russiese inval in die Oekraïne.

Na die einde van die Koue Oorlog wat algemeen beskou word as 26 Desember 1991, is die doel van NAVO ernstig getoets. Meer as een Amerikaanse president het Duitsland en ander Europese state versoek om hulle verpligtings na te kom om 2 persent van hulle BBP aan verdediging te bestee. Die gewese president Donald Trump, het selfs so ver gegaan as om te dreig om uit die alliansie te onttrek indien hulle dit nie doen nie. Per slot van rekening, waarom behoort Amerikaners altyd die rekening te betaal? Waarom behoort Amerika meer vir Europa se kinders om te gee as wat Europa sélf doen?

Vladimir Poetin het dit feitlik oornag verander. Die alliansie wat besig was om sy doelstelling te verloor en deur twis geteister was, het skielik gesien hoe sy lidlande hulle verskille opsysit om te verseker dat Rusland uitbly. Amerika was nie langer besig om hulle uit Europa se verdedigingsreëlings te wikkel nie. Die derde deel van Lord Ismay se vergelyking – om Duitsland onderdanig te hou – het in die verwarring verlore gegaan.

Duitsland is immers al meer as 70 jaar lank een van die wêreld se mees stabiele demokrasieë. Dit het 'n sterk en goed geordende ekonomie, het 'n leidende rol in die "red die wêreld" van klimaatsverandering geneem en het ingewikkelde militêre verwikkelings vermy. Duitsland is nie vandag dieselfde land wat twee keer sy buurlande binnegeval en die wêreld in twee twintigste-eeuse oorloë gedompel het nie. Duitsers is hardwerkend, plesierig en finansieel verantwoordelik, veral met betrekking tot belastingverpligtings.

Wat is dus die probleem? Is Duitsland na 70 jaar van goeie gedrag nie hervorm nie? Kan hulle steeds nie vertrou word nie? Is daar moontlik iets in die Duitse DNS wat in ag geneem behoort te word? 'n Mens kan net wonder wat Lord Ismay of Winston Churchill, wat Ismay as NAVO se eerste sekretaris-generaal aangestel het, vandag sou dink. Dit is onwaarskynlik dat hulle so naïef sou wees soos wat mense uit die na-oorlogse geslagte blyk te wees.

Hierdie huidige generasie kan dalk vergewe word omdat hulle nie die geskiedenis verstaan nie. Daardie vak is dekades gelede deur "sosiale studies" vervang, wat nou verander het in 'n hersieningskurrikulum wat in baie van vandag se skole te vinde is. Kanselleer-kultuur het nie net persone wat uit pas is gekanselleer nie – dit is besig om monumente af te breek, geskiedenis te herskryf en die samelewing aan hulleself oor te laat. Geopolitieke lesse van die verlede gaan verlore.

'n Mens moet die transformasie van Duitsland bewonder. Uit die puin van die Tweede Wêreldoorlog het dit verrys tot die vierde grootste ekonomie ter wêreld. Slegs die V.S., China en Japan is groter. Is dit nie interessant dat Duitsland en Japan, twee "verloorders" van die oorlog, derde en vierde op die lys van ekonomiese reuse is nie?

Wie is hierdie merkwaardige mense wat in die hart van Europa woon? Duitsland se verlede was nie altyd somber nie. 'n Skrywer van *Tomorrow's World*, dr. Douglas Winnail, het die volgende in sy insiggewende artikel, *"A Fourth Reich?"* geskryf:

"Die meeste geleerdes erken dat 'Duitsland een van die groot kulturele sentrums

van Europa is en dat Duitse prestasies in argitektuur, musiek, letterkunde en filosofie van die mylpale van die beskawing is' (*The New Germans*, Radice, bl. XVI). Die groot komponiste – Bach, Beethoven, Mozart en Strauss – was Duitsers. Gutenberg het die eerste boek met gegote lettertipes, die Bybel, in Mainz omstreeks 1456 gedruk ... Duitse filosowe en teoloë het die intellektuele klimaat van die Weste gevorm. Op akademiese gebied, 'van agronomie tot dierkunde, het Duitsers nie net die natuurwetenskappe bevorder nie, maar feitlik gedefinieer' (Schoenbaum, bl. 11). Duitse ingenieursprodukte is sinoniem met akkuraatheid en kwaliteit regoor die wêreld. Duitsland se bydrae tot die ontwikkeling van die Westerse beskawing is byna sonder weerga!”

Duitsland het soos die meeste groot nasies tog ook 'n donker kant. *Tomorrow's World* verkondig al dekades lank dat Duitsland na vore sal tree om 'n ekonomiese en militêre mag te wees wat saam met sy bondgenote 'n mag sal word om mee rekening te hou afgesien van die huidige NAVO-alliansie.

Hoe weet ons dit? Die antwoord word in Bybelse profesieë gevind, maar indien mense oor die algemeen onkundig oor geskiedenis is, is hulle selfs meer onkundig wanneer dit kom by wat die Bybel oor die verlede en die toekoms te sê het.

**'n Kort les in geskiedenis**

Die kern van 'n groot deel van die Bybel bevat die geskiedenis van een man, naamlik Abraham en sy nageslag. Hy het 'n lewe van geloof gelei. Hy het vertrou op wat God gesê het die waarheid is – soveel só dat hy bereid was om sy wonderbaarlik gebore seun, Isak, op te offer toe God hom beveel het om dit te doen. Uiteindelik het God hom dit nie laat doen nie, maar dit het 'n belangrike voorbeeld van die profesie van God die Vader gebly, wat Sy wonderbaarlik gebore Seun, Jesus die Christus, gegee het om die straf vir ons sondes te betaal (sien Génesis 22:1-19; Johannes 3:16).

Die gevolg van Abraham se geloof was dat God groot en kosbare beloftes aan hom en sy nageslag gemaak het. Hierdie beloftes word selfs vandag nog vervul.

Abraham se kleinseun was Jakob, wie se naam na Israel verander is. Jakob het twaalf seuns gehad wat stamme geword het en wat elkeen tot tienduisende en uiteindelik honderde miljoene getel het. Selfs mense wat toevallig die Bybel lees weet dat Israel se familie as slawe in Egipte beland het en onder God se leierskap deur Moses uitgelei is. Nadat hulle vir 40 jaar in die woestyn rondgedwaal het, het hulle 'n gebied oorgeneem wat selfs groter is as wat die meeste mense vandag “Israel” noem.

Daarbenewens het baie Bybelgeleerdes uiteenlopende verhale gehoor van Simson, Rut, Dawid en Góliat, koning Salomo, koningin Ester en Daniël en sy drie vriende Sadrag, Mesag en Abednégo. Diegene wat die Bybel lees weet natuurlik van Jesus en sommige van Sy volgelinge – Petrus, Johannes, “ongelowige Thomas” en Paulus. Wie weet nie van Judas, die verraaier van Jesus Christus nie? Min mense verstaan egter die verband tussen die Skrif en selfs die mees basiese geskiedenis van hierdie mense – hulle onkunde beteken dat hulle nie Bybelse profesieë sal verstaan en hoe dit vandag besig is om tot vervulling te kom nie.

Die twaalf stamme van Israel het uiteindelik in twee afsonderlike nasies verdeel: Die huis van Israel en die huis van Juda. U kan hieroor lees in 1 Konings 12, u sal daarby baat vind indien u nie vertroud is met die geskiedkundige weergawe nie.

Die res van 1 en 2 Konings asook die grootste deel van 1 en 2 Kronieke word gewy aan die geskiedenis van hierdie twee afsonderlike nasies, met inbegrip van die oorloë tussen hulle. Die huis van Israel, wat uit tien Israelitiese stamme bestaan het, het op die verkeerde pad begin en op die verkeerde pad gebly. As gevolg van hulle sondes is hulle tussen 740 en 720 v.C. omvergewerp en in ballingskap weggevoer deur die Assiriërs, 'n hoogs georganiseerde krygsvolk.

Ongeveer 130 jaar later is die huis van Juda (die Jode) ook in ballingskap weggevoer na 'n ander nasie, suid van die Assiriërs. Hierdie twee nasies – die huis van Israel en die huis van Juda – was nooit weer saam nie en hulle sal nie herenig word voor die Wederkoms van Christus nie. Dit is duidelik uit die geskiedenis en uit Bybelse profesieë.

God het byvoorbeeld vir die profeet Eségiël gesê: "En jy, mensekind, neem vir jou 'n stuk hout, en skrywe daarop: Vir Juda en vir die kinders van Israel, sy bondgenote; en neem 'n ander stuk hout en skrywe daarop: Vir Josef (die hout van Efraim) en die hele huis van Israel, sy bondgenote" (Eségiël 37:16). God sou hulle dan saamvoeg aangesien die twee nasies bestem is om weer een nasie te word. Wanneer sal dit egter gebeur?

"En hulle sal woon in die land wat Ek aan my kneg Jakob gegee het, waar julle vaders in gewoon het; ja, húlle sal daarin woon, hulle kinders en hulle kindskinders tot in ewigheid; en my kneg Dawid sal hulle vors wees vir ewig. En Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit, dit sal 'n ewige verbond met hulle wees; en Ek sal hulle *daar* bring en hulle vermenigvuldig; en Ek sal my heiligdom in hulle midde vestig vir ewig. En my tabernakel sal oor hulle wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle vir my 'n volk wees. En die nasies sal weet dat Ek die HERE is wat Israel heilig as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees" (Eségiël 37:25-28).

Dawid was lankal reeds dood en in die graf toe dit geskryf is. God se heiligdom is nie nou "vir ewig in hulle midde" nie. Jesus het nie twee nasies tydens Sy tyd op aarde verenig nie en die geskiedenis toon dat hierdie eenwording tot vandag toe nie plaasgevind het nie. Hierdie profesie het betrekking op die toekoms. Dit beteken dat die huis van Israel en die huis van Juda tans iewers op aarde bestaan en nog steeds hier sal wees wanneer die afgestorwenes opgewek word met die Wederkoms van Jesus Christus om Sy Koninkryk op te rig.

**Waarom u behoort te weet**

Waarom is dit belangrik? Hoe hou dit verband met betrekking tot die Russiese inval in die Oekraïne? Hoe pas Duitsland hierby in? Wat het dit met u te doen?

Die meeste mense verstaan nie Bybelse profesieë nie, want hulle kort belangrike sleutels wat profesie *ontsluit.* Daardie sleutels is die identiteit van moderne nasies met betrekking tot die Bybel. Die meeste mense neem aan dat elke profesie oor Israel van toepassing is op die Jode, maar dit is só verkeerd!

Dit was deur die Jode dat die Messías sou kom, maar die geboortereg-seëninge wat in die eerste vyf boeke van die Bybel beskryf word, behoort aan die stam van Josef. Let op 'n stelling wat hierdie punt in 1 Kronieke 5:1-2 verduidelik:

"EN die seuns van Ruben, die eersgeborene van Israel – want hy was die eersgeborene; maar omdat hy die bed van sy vader ontheilig het, is sy eersgeboortereg aan die seuns van Josef, die seun van Israel, gegee, maar hy moes nie in die geslagsregister volgens die eersgeboortereg aangegee word nie; want Juda was die sterkste onder sy broers, en uit hom het een 'n vors geword, maar die eersgeboortereg het Josef gehad".

God het die bejaarde Israel geïnspireer om Josef se twee seuns – Efraim en Manasse – aan te neem om sy naam aan hulle oor te dra (Génesis 48:5-6, 15-16). Hulle was diegene wat die geboortereg-seëninge ontvang het om 'n enkele groot nasie en 'n groep (of gemenebes) van nasies te word (Génesis 35:10-11; 48:18-19). Die tien stamme wat bekend staan as die huis van Israel, wat gelei was deur die eersgeboortereg-nasies van Josef se seuns Efraim en Manasse, is deur die Assiriërs gevange geneem. Wie was hierdie Assiriërs dan en wat het met hulle gebeur?

Dr. Douglas Winnail se *"Resurgent Germany: A Fourth Reich?"* (beskikbaar as 'n herdrukte artikel van die streekkantoor naaste aan u, gelys op bladsy 2 van hierdie

tydskrif en aanlyn in Engels beskikbaar by *TomorrowsWorld.org*) toon dat die hedendaagse Duitsland afstam van niemand anders nie as antieke Assirië. God het deur sy profeet Jesaja verduidelik dat Hy die Assiriërs gebruik om die ongehoorsame Israel te straf. Assirië is die roede in God se hand.

"WEE Assur! die roede van my toorn en 'n stok is hy – in hulle hand is my grimmigheid! Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie [Israel], en Ek sal hom bevel gee teen die volk van my grimmigheid, om buit te maak en roof in te samel en om hulle tot 'n vertrapping te maak soos modder van die strate" (Jesaja 10:5-6).

Het die antieke Assiriërs besef dat hulle deur God gebruik word om Israel te tugtig? Hulle het nie – en hulle sal ook nie God se hand in die toekoms verstaan nie. "Maar hý bedoel dit nie so nie, en sy hart dink nie so nie; maar om te verdelg, is in sy hart, en om nasies uit te roei, nie min nie" (Jesaja 10:7). Assirië het die huis van Israel wat afgodsdiens beoefen het omstreeks 720 v.C. in ballingskap weggevoer en twee keer in die twintigste eeu het God die hedendaagse Assirië gebruik om ons nasies te straf en te waarsku om hulle te bekeer en hulleself na Hom te wend.

In plaas daarvan om ons te bekeer, het ons gedrag nog sondiger geraak. Alhoewel God die nageslag van Israel genadig was en hulle twee keer in die twintigste eeu die oorwinning gegee het, was dit elke keer teen 'n verskriklike prys. Hy laat ook nie die roede wat Hy swaai, agterwee nie – ook die nageslag van Assirië is sondaars (Jesaja 10:15-19).

Bybelse profesieë is dikwels tweeledig – daar is 'n vorige vervulling asook 'n vervulling in die laaste dae. 'n Noukeurige bestudering van die hoofstuk hierbo toon dat daar 'n toekomstige vervulling van sy profetiese stellings sal wees. Die huis van Israel sal weer in ballingskap gaan!

Deur die Oekraïne binne te val, het Vladimir Poetin gedoen wat geen Amerikaanse president kon doen nie. Hy het Duitsland se strewe oor sy behoefte verander met betrekking tot herbewapening. Wat hy ook gedoen het, is om Amerika vir eers deel van die alliansie te hou. Amerika, Duitsland en die ander NAVO-lande sal Rusland ongetwyfeld saam uithou. Duitsland sal egter nie ondergeskik bly nie.

Die derde element van Ismay se formule sal egter nie hierdie krisis oorleef nie. Duitsland is nie meer ondergeskik nie; trouens, hulle is die spilpunt van die weerstand teen Poetin, gedruk in prominensie deur 'n sameloop van faktore: Hulle rykdom, hulle geografiese ligging en hulle ingewortelde vrees vir hulle self ("*After 77 years in timeout Germany is crucial to the fascist resistance" WashingtonPost.com*, 8 April 2022).

Die Nasionale Openbare Radio het berig oor die skielike ommeswaai in Duitse denke:

Die aankondiging het gekom drie dae nadat Rusland op 24 Februarie 2022 sy inval in die Oekraïne van stapel gestuur het en slegs 'n paar Duitse wetgewers is ingelig oor wat kanselier Olaf Scholz op die punt was om te sê, naamlik dat Duitsland sy weermag van 100 miljard euro sou voorsien en die mag sou plaas op die pad om Europa se sterkste gewapende mag te wees. Scholz het bygevoeg dat Duitsland voortaan meer as 2% van sy bruto binnelandse produk in sy gewapende magte sal belê. Volgens data wat deur NAVO ingesamel is, word verwag dat Duitsland gedurende 2021, 1,53% van die BBP aan verdediging bestee het. Duitsland se parlement het staande losgetrek met 'n seldsame toejuiging, wat die grootste saal van die Reichstag gevul het, 'n gebou waarvan die vernietiging en hergeboorte die middelpunt van die gruwels van die laaste wêreldoorlog was. Dit het nou weer getuig van wat die Duitsers as 'n *Zeitenwende* bestempel het: 'n geskiedkundige keerpunt ("*With war in its doorstep, Germany plans a major war*

*on its doorstep*," *NPR.org*, 22 Maart 2022).

Weermagte word nie oornag opgebou nie, maar hou in gedagte: Adolf Hitler is op 30 Januarie 1933 as kanselier aangestel. Ses jaar en sewe maande later het sy weermagte Pole binnegeval. Hoe lank dit sal neem om die Duitse weermag weer op te bou, is nie seker nie en sal van 'n aantal faktore afhang, maar *The Times of Israel* haal Marcus Faber, 'n verdedigingkundige en wetgewer van die liberale FDP-party aan, wat sê dat "dit tot agt jaar sal neem om al die toerusting van die weermag weer tot op hedendaagse standaarde te bring" ("*How Germany, shaken by Russia's Ukraine invasion, plans to rebuild its military,*" *TimesOfIsrael.com*, 29 Maart 2022).

Daar is baie onsekerhede, maar baie daarvan is reeds aan die gang: "Duitsland het reeds aangekondig dat hy sy verouderde Tornado-vegvliegtuie sal vervang met 'n nuwe vloot Amerikaanse F-35-stealth-vegvliegtuie [moeilik opspoor-baar op radar] en Eurovegters, wat sowat 100 miljoen euro ($110 miljoen) elk kos" (*TimesOf Israel.com*). Dit verg meer as om net groot somme geld te spandeer om 'n weermag te herbou. Mannekrag, opleiding, vragmotors en vliegtuie om manne en voorrade te vervoer is minder glansryk as peperduur wapenstelsels. Die Duitsers is nie van voorneme om aan te val nie. Hulle plan is slegs om hulle land te verdedig.

Baie van ons hier by die *Wêreld van Môre* volg reeds vir dekades lank die geopolitieke gebeure vanuit die perspektief van Bybelse profesieë. Alhoewel dit die gesaghebbendes en sogenaamde kenners geskok het, was die val van die Berlynse Muur nie vir ons 'n verrassing nie en ook nie dat Duitsland minder as 'n jaar later herenig is nie. Daar sal kort voor lank baie meer skokke in die maande en jare wat voorlê wees vir diegene wat nie verstaan wat die Bybel oor ons toekoms openbaar nie.

Op dieselfde wyse wat nét so verrassend was soos dié waarop Rusland se inval in die Oekraïne die Duitsers se denke oornag verander het, sal die V.S. die trots van sy mag verloor en hulle sal ly onder natuurlike en mensgemaakte rampe wat hulle sal vernietig (Levítikus 26:14-20). Daar wag 'n skok op die Amerikaners en die nasies van Britse afkoms en dít sal hulle oor hulleself bring as gevolg van hulle verwerping van alle morele beperkings (Hoséa 4:2).

Ek verstaan dat dit dalk moeilik is om te glo dat Amerika en die nasies van Britse afkoms aangeval sal word deur Europese nasies wat tans hulle bondgenote is, maar dit sál gebeur en wanneer dit gebeur, onthou waar u daarvan gehoor het.

Laat ek egter op 'n positiewe noot eindig. Ons lees in Jesaja 19:24-25, dat ná die Groot Verdrukking en die Dag van die Here wat geprofeteer is om in die nabye toekoms plaas te vind, "... sal Israel [die Israelitiese afstammelinge] die derde wees naas Egipte en Assirië, 'n seën in die midde van die aarde, omdat die HERE van die leërskare hom geseën het, met die woorde: Geseënd is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel Israel!" WvM


## Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms aankondig

***Weet u watter gebeure die grootste gebeurtenis van alle tye – Christus se terugkeer na hierdie aarde – sal aankondig? Leer waarvoor om op die uitkyk te wees in die huidige chaotiese wêreldsituasie, sodat u nie verward of onvoorbereid sal wees nie***

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

# Sewe sleutels vir Bybelstudie

## Deur Richard F. Ames

'n Mens sou dalk dink dat al hoe meer mense hulle tot die Bybel sou wend vir wysheid en bemoediging in moeilike tye. U sou egter verkeerd wees. 'n Verslag van April 2022 deur die *American Bible Society* het bevind dat ongeveer 26 miljoen Amerikaners gedurende 2021 meestal of heeltemal opgehou het om die Bybel te lees.

"Wat ons ontdek het, was ontstellend, ontmoedigend en ontwrigtend", het die hoofnavorser van die verslag John Plake, gesê. "COVID-19" is die probleem waaroor 'n mens nie wil praat nie. *("Report: 26 Million Americans stopped Reading the Bible Regularly During COVID-19," ChristianityToday.com*, 20 April 2022). Die verslag het bevind dat net 10 persent van Amerikaners die Bybel gelees het gedurende 2021 en dit is 14 persent minder as in 2020. Daar is verder gevind dat ongeveer 39 persent van die Amerikaners "Bybelgebruikers" was – 50 persent minder as in 2021.

Navorsers kon nie die afname verklaar nie, maar hulle het vermoed dat die afname in kerkbywoning 'n groot faktor was wat veroorsaak het dat mense dit moeilik gevind het om self die Bybel te bestudeer en opgegee het omdat hulle niemand gehad het om dit aan hulle te verduidelik nie.

Daar is egter sleutels beskikbaar vir persoonlike Bybelstudie om die waarhede wat in hierdie, dikwels geheimsinnige Boek, versteek is te kan ontsluit. Lees verder om *sewe belangrike sleutels* vir Bybelstudie te ontdek.

**Waarom die Bybel?**

Die Bybel is elke jaar die wêreld se top verkoper. Die kanse is goed dat u een op u koffietafel het – of dalk iewers in 'n kas weggebêre het. Dit lyk of die Bybel orals is. Verstaan enigiemand regtig hierdie Boek? Kan *u* dit verstaan? Hoeveel mense lees selfs die Bybel? Indien u dit nie lees nie mis u die opwindendste, geesverrykende inligting en kennis wat die wêreld *ooit van geweet het.*

In die middel van die 1450's het die Duitse drukker Johannes Gutenberg die eerste gedrukte Bybel aan die mensdom gegee. 'n Studie deur die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap het in 2021 beraam dat iewers tussen vyf en sewe miljard Bybels sedertdien gedruk is. In ons digitale era is miljarde Bybels nou op mense se slimfone en rekenaars afgelaai. Vanaf 2021 is 'n gewilde Bybeltoepassing deur *YouVersion* meer as 500 miljoen keer afgelaai en gebruikers het al na meer as 64 *miljard* individuele hoofstukke van die Bybel geluister en dit gelees.

Meningspeilings het getoon dat ongeveer 'n derde van die Amerikaanse volwasse bevolking glo dat die Bybel die ware Woord van God is en elke woord behoort letterlik opgeneem te word. Hierdie persentasie is effens laer as wat dit etlike dekades gelede was. Die meeste van daardie Amerikaners wat nie glo dat die Bybel letterlik waar is nie, glo dat dit die *geïnspireerde* Woord van God is maar dat nie alles wat dit bevat letterlik opgeneem behoort te word nie.

Ongeveer een uit elke vier Amerikaners glo dat die Bybel 'n antieke boek is van "fabels, legendes, geskiedenis en morele voorskrifte wat deur die mens opgeteken is" ("*Record Few Americans Believe Bible Is Literal Word of God*," *News.Gallup.com*, 15 Mei 2017). Daardie een-uit-vier is geestelik *verblind*. Die Bybel is God se handleiding vir alle mense. Soos die apostel Paulus aan die jong evangelis Timótheüs geskryf het: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Timótheüs 3:16-17). Onthou dat toe Paulus dit geskryf het, die

enigste "Skrif" wat beskikbaar was, behalwe 'n paar briewe, die Ou Testament was. Ja*, die hele* Skrif – Ou Testament *en* Nuwe Testament – is waardevol en lewensbelangrik.

Die Bybel was eens die kern van die Westerse beskawing. Dit was selfs in openbare skole onderrig. Onlangs het verwêreldliking, evolusie en materialisme die opvoedkundige instellings oorrompel en van God, die Bybel en die Tien Gebooie ontslae geraak. Morele en etiese standaarde het sedertdien in alle sektore van die samelewing afgeneem. Dit is *nie toevallig nie.* Die Bybel openbaar 'n onsigbare geestelike Wet wat groot tendense en agteruitgang in die Westerse wêreld verduidelik: "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai" (Galásiërs 6:7). Die Westerse wêreld saai sonde en dit sal rampspoedige gevolge maai. Paulus skryf só: "Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai" (vers 8). Ongelukkig het die Westerse wêreld korrupsie gemaai. Dit is dus nodig om wêreldnuus in die lig van Bybelse profesie te beskou. Die profeet Hosea stel dit so: "Want hulle saai wind, maar hulle sal storm maai" (Hoséa 8:7).

Vir diegene wat dit kan verstaan, is die Bybel 'n skatkis van waardevolle skatte. Hoe kan ons die skatte insamel wat in hierdie Boek vervat is? Wanneer daar van ware kennis gepraat word, dui die Bybel aan dat "as jy daarna soek soos na silwer en dit naspeur soos verborge skatte, dan sal jy die vrees van die HERE verstaan en die kennis van God vind (want die HERE gee wysheid, uit sy mond kom kennis en verstand ...") (Spreuke 2:4-6). In hierdie artikel sal ons kortliks sewe fundamentele sleutels vir suksesvolle Bybelstudie hersien.

**Sleutel 1: Die Bybel is altyd van toepassing**

Sommige mense glo dat aangesien die mees onlangse boeke van die Bybel byna twee millennia gelede geskryf is, dit nie vandag op ons van toepassing kan wees nie. Daardie mening is verkeerd. Nie alleen is die Bybel vandag op ons van toepassing nie, maar die profesieë daarin openbaar ook die mensdom se toekoms en ons ongelooflike eindbestemming. Die goeie nuus is dat die mensdom homself nie heeltemal sal vernietig nie – Jesus Christus sal op die gevaarlikste tydstip in die mens se geskiedenis terugkeer om ons van onsself te red. Die Evangelie van die Koninkryk van God is áltyd van toepassing. Jesus sê dat: "... hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom" (Matthéüs 24:14).

Ons sien uit na die einde van hierdie "teenswoordige bose wêreld" (Galásiërs 1:4) en die begin van 'n nuwe era naamlik die wêreld van môre! Aan die begin van die eeu het 'n Gallup-peiling aan die lig gebring dat "vyf-en-sestig persent van die Amerikaners geglo het dat die Bybel 'ál of die meeste van die basiese vrae van die lewe beantwoord'". Ja, die Bybel ís altyd van toepassing. Dit beantwoord *wel* die mees basiese vrae van die lewe.

**Sleutel 2: Die Bybel is 'n volledige Boek**

Baie mense kan die Bybel nie werklik verstaan nie, omdat hulle die eerste 39 boeke ignoreer, wat die Ou Testament genoem word. Laat ons verstaan: Wanneer Jesus die Skrif aangehaal het, het Hy die Hebreeuse Geskrifte, oftewel die Ou Testament, aangehaal. In Sy geweldige geestelike stryd met Satan die duiwel, haal Jesus Deuteronómium 8:3 aan en sê: "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Lukas 4:4). Daardie diep gewortelde waarheid is die *grondslag* vir enigiemand se geluk en ewige lewe.

Let op: Soos in Sy stelling hierbo, waar Jesus ons die twee groot Gebooie leer, haal Hy dit aan uit die Ou Testament. Die eerste groot Gebod – om God lief te hê met ons hele hart, siel en krag – is in Deuteronómium 6:5 geskryf. Jesus se tweede groot Gebod, wat vir ons sê om ons naaste lief te hê soos onsself, kom uit Levítikus 19:18. Hierdie Ou Testamentiese verse wat deur Jesus aangehaal is, was en *is steeds* Gebooie van God.

Terwyl hy aan Timótheüs

skryf, praat Paulus van die opregte geloof wat in Timótheüs se ouma Loïs en moeder Eunice was. Hulle het Timótheüs die Skrif geleer van kleintyd af. Wat was daardie Skrifte? *Die eerste 39 boeke van die Bybel.* Die Nuwe Testament was toe nog nie geskryf nie. U kan daarvan lees in 2 Timótheüs 3:15: "... en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus." Timótheüs was in staat om verlossing te verstaan deur middel van die Ou Testament en deur sy aanvaarding van Jesus Christus as sy Verlosser.

Die Bybel is 'n volledige Boek. Dit begin met die boek Génesis en eindig met die boek Openbaring. Trouens, God waarsku: "... elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek ge-krywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is" (Openbaring 22:18-19). Pasop vir *enigiemand* wat verkondig dat een of ander nuwe dokument "deel van" óf 'n vervanging vir die Bybel is. Ons kan nie God se Waarheid of Sy Plan verstaan nie, tensy ons die hele Bybel as die Woord van God bestudeer. Ons moet die Ou Testament *asook* die Nuwe Testament lees om die Bybel te kan verstaan.

**Sleutel 3: Die Bybel interpreteer die Bybel**

Meer as 25 persent van die Bybel is profesie – baie van daardie profesie is in simboliese taal geskryf, waarmee die boeke Daniël en Openbaring gevul is. Hoe kan ons dit verstaan?

Kyk na een voorbeeld in die eerste hoofstuk van Openbaring. "En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag" (Openbaring 1:16). Hoe behoort ons hierdie beskrywing van die verheerlikte Messías, die Seun van die mens, te verstaan wat tussen sewe kandelaars staan en sewe sterre vashou? Wat simboliseer hierdie beelde? Ons hoef nie te raai nie; die Bybel self verduidelik die betekenis net vier verse verder: "... die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes" (Openbaring 1:20). Sterre is engele en lampe is kerke in Bybelse simboliek.

Profetiese literatuur gebruik die woord berg as 'n simbool van 'n koninkryk, ryk of regering. Kyk na 'n gedeelte in Jeremia, waar God besig is om Sy straf oor die groot ryk van Babilon te verklaar. "Maar Ek sal voor julle oë aan Babel en aan al die inwoners van Chaldéa vergelde al hulle kwaad wat hulle in Sion gedoen het, spreek die HERE. Kyk, Ek het dit teen jou, o berg wat verwoes, spreek die HERE; jy wat die hele aarde verwoes. En Ek sal my hand teen jou uitstrek en jou van die rotse afrol en sal jou maak 'n afgebrande berg" (Jeremia 51:24-25).

Hier gebruik God die simbool van 'n berg vir 'n koninkryk of 'n ryk. Koning Nebukadnésar van Babilon het 'n droom gehad, wat Daniël aan hom verduidelik het. Die koning het van 'n groot beeld gedroom en gesien hoe 'n klip die voete van hierdie beeld verpletter. Die beeld het die koninkryk van Babilon voorgestel wat deur die Persiese Ryk, die Grieks-Masedoniese Ryk en uiteindelik die Romeinse Ryk opgevolg is. "Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyn gestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het" (Daniël 2:35).

Daniël het verduidelik dat koning Nebukadnésar die hoof van goud was wat deur die beeld voorgestel is (vers 38). Wat was egter hierdie klip wat 'n groot berg geword het en die aarde gevul het? Die Bybel interpreteer die Bybel: "Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit

*Vervolg op bladsy 14*

# Roe vs. Wade vs. Amerikaanse Kongres vs. God

**Deur William Bowmer**

In die opgetekende geskiedenis van hofbeslissings is dit onwaarskynlik dat die frase *Dobbs vs. Jackson Women's Health Organisation* ooit die emosionele slaankrag van *Roe vs. Wade* sal hê. Die Hooggeregshof van die Verenigde State (SCOTUS) was in Mei 2022 nogtans geruk deur die ongemagtigde uitlek van 'n voorlopige konsepbeslissing van daardie saak – 'n saak wat heel moontlik die beskikbaarheid van aborsie regoor die V.S. kon beperk – baie mense het opgemerk dat die uitlek van die dokument net so deurslaggewend soos die besluit self kon wees.

Voordat SCOTUS sy omstrede uitspraak oor *Roe vs. Wade* in Januarie 1973 uitgereik het, was aborsie onwettig in 30 van die 50 Amerikaanse state. Dit was wettig – net op versoek – in vier deelstate naamlik Alaska, Hawaii, New York en Washington. In ander state was aborsie toegelaat indien 'n swangerskap 'n vrou se lewe in gevaar gestel het – met 'n definisie van "gevaar" wat dikwels so vaag en subjektief was dat 'n welgestelde persoon gewoonlik 'n gewillige dokter kon vind om 'n aborsie uit te voer.

*Roe vs. Wade* het aborsie in al 50 state laat wettig. Byna onmiddellik nadat SCOTUS die uitspraak gelewer het, het waarnemers begin wonder of die besluit die toets van die tyd sou deurstaan. Regter Harry Blackmun, wat die meerderheidsopinie geskryf het, het dit erken toe hy geskryf het, "... dit nie nodig is dat ons die moeilike vraag van wanneer lewe begin hoef op te los nie. Wanneer diegene wat in die onderskeie onderrigstelsels van geneeskunde, filosofie en teologie opgelei is, nie in staat is om eenstemmigheid te bereik nie, is die regbank op hierdie stadium in die ontwikkeling van die mens se kennis, nie in 'n posisie om te spekuleer oor die antwoord nie" *(U.S. Reports: Roe vs. Wade,* bl. 113). Blackmun het erken dat sy mening tydgebonde was – deels bereik as gevolg van 'n gebrek aan wetenskaplike eenstemmigheid oor wanneer 'n menslike lewe begin.

Dit is dus geen verrassing dat byna 50 jaar later – na vyf dekades van mediese vooruitgang wat ons 'n veel beter begrip van lewe in die baarmoeder gegee het – *Roe vs. Wade* toenemende ondersoek in die gesig staar.

Aan die een kant het vooruitgang in chirurgiese tegnieke aborsie baie veiliger gemaak as ooit tevore – vir die moeder. Ons behoort dit egter in perspektief te plaas; belangrike aborsieregte-voorstanders het reeds lank gelede, voor *Roe vs. Wade,* erken dat hulle syfers aangaande veronderstelde "agtersteeg"-aborsies grootliks denkbeeldig was. Die voormalige aborsiekundige, dr. Bernard Nathanson, skryf in sy outobiografie, *The Hand of God:* "Daar was heel moontlik sowat driehonderd sterfgevalle jaarliks in die Verenigde State in die sestigerjare as gevolg van kriminele aborsies, maar NARAL *[the National Abortion Rights Action League]* beweer in hulle persverklarings dat hulle data het wat op 'n syfer van vyfduisend aborsies neerkom" (bll. 89-90). Hierdie leuens wat lank reeds onder verdenking was, maak steeds baie mense woedend wat die herinstelling van minder toegeeflike aborsiewette vrees.

**Kongres, SCOTUS en partydigheid**

Al kan *Roe vs. Wade* nie die ondersoek van moderne mediese wetenskap oorleef nie, waarom kon aborsie-ondersteuners nie die toets deurstaan van die politieke steun om wettige aborsie deur middel van 'n ander uitgangspunt te wettig nie? Neem in ag dat die V.S. Kongres nie wetgewing goedgekeur het wat aborsie sou wettig en die kwessie van die

howe se bevoegdheid systap nie. Waarom? Is dit dat, ten spyte van *Roe vs. Wade*, individuele wetgewers weet dat die aborsiekwessie steeds 'n uiters sensitiewe saak is wat 'n politieke party 'n verkiesing kan laat wen of verloor? Is dit so dat aborsie vir sommige wetgewers belangriker is as 'n "betwisbare" kwessie vir fondsinsameling as 'n uitgemaakte saak wat die lewens van hulle kiesers raak?

Ons is gewoond daaraan om aan die Kongres te dink as 'n partydige politieke liggaam en dit is presies wat dit is. Die Hooggeregshof het egter sedert sy stigting in 1789 as deel van die V.S. se federale regering se drie takke homself verhewe en afgesonderd van sy land se party-politiek beskou. Hoofregter John Roberts het toe hy in Februarie 2016 met regstudente by *New England Law* gepraat het gesê: "Ons werk nie as Demokrate of Republikeine nie" (*ABAJournal.com*, 5 Februarie 2016). Regter Neil Gorsuch het daardie sentiment herhaal tydens sy bevestigingsverhoor in Maart 2017: "Ek sien nie Republikeinse regters nie en ek sien nie Demokratiese regters nie. Ek sien regters". Gedurende die afgelope 15 jaar was die meeste SCOTUS-meerderheid inderdaad 9-0. Dit is die bekrompe besluite – die 5-4 geringe meerderhede – wat die meeste aandag trek, al het dit die afgelope paar jaar verantwoording gedoen vir minder as 30 persent van sake en slegs 5 persent so onlangs as 2015.

Is die Hooggeregshof egter werklik onpartydig – van die regters tot die regsklerke tot die personeel? Dit was 'n lid van die binnekring wat regter Alito se konsepmening na die webwerf *Politico.com* uitgelek het. Hulle beskou hulleself as "die wêreldwye gesag wat betref die oorvleueling van politiek, beleid en mag". Voordat hierdie inligting uitgelek het, het joernaliste af en toe afskrifte van SCOTUS-besluite vóór vrystelling gekry, maar waarnemers kan nie enige vorige uitlekking van 'n nie-amptelike konsep onthou nie.

**Kwessies van vertroue**

Hofwaarnemers het vinnig hulle teorieë gelig oor waarom die konsep van *Dobbs vs. Jackson Women's Health Organisation* uitgelek het. Was dit om opposisie te werf of om die Kongres aan te spoor om wetgewing aan te neem om wettige aborsie te beskerm? Was dit 'n poging van die "binnekring" om 'n gematigde regter te oortuig om *Roe vs. Wade* onveranderd te laat? Wat ook al die motief, dit was 'n verwoestende slag vir die hof se interne begrip van vertroue, beeld en sin vir ordelike funksionering.

"Ek dink wel dat wat by die hof gebeur het, uiters sleg is", het regter Clarence Thomas gesê. "Ek wonder hoe lank ons hierdie instellings gaan hê teen die tempo wat ons hulle ondermyn". Hoofregter Roberts het vinnig 'n interne ondersoek aangekondig om die fluitjieblaser te vind, maar dit lyk of ernstige skade reeds aangerig is. Thomas het dit só gestel: "Die dae is verby toe ons mekaar werklik vertrou het. Ons was dalk 'n disfunksionele gesin, maar ons was 'n gesin".

Benewens die kwessie van vertroue in die Hooggeregshofkamers, is die lekkasie gebruik om die integriteit van verskeie regters aan te val weens hulle vorige uitsprake oor *Roe vs. Wade*. In die uitgelekte konsep skryf regter Alito dat "Roe van die begin af verskriklik verkeerd was". Voorstanders van aborsie het vinnig daarop gewys dat Alito 'n baie matiger standpunt ingeneem het tydens sy bevestigingsverhoor, toe hy erken het dat hoewel *Roe vs. Wade* oop was vir verdere regsgedingvoering, dit nietemin "'n belangrike presedent" was. Regter Brett Kavanaugh het tydens sy bevestigingsverhoor *Roe vs. Wade* "as 'n gevestigde presedent" genoem en een senator – Susan Collins (R-ME) – sê regter Kavanaugh het die besluit in 'n privaat gesprek 'n "gevestigde wet" genoem. Met sulke beskuldigings hoop van *Roe vs. Wade* se ondersteuners om die regters as bedrieglik of onbetroubaar voor te stel in hulle vorige, versigtig bewoorde verklarings aan die Kongres.

Die uitgelekte inligting het openbare sentimente oor die omverwerping van *Roe vs. Wade* versterk. Die vooruitsig om te sien dat aborsie deur individuele state besluit word, soos dit voor 1973 was, het vurige emosies aangewakker. Die *Axios*-nuusverslag het berig dat federale agentskappe "besig

is om dreigemente op sosiale media te ondersoek deur die gebou waarin die Hooggeregshof gesetel is af te brand of te bestorm en regters en hulle klerke te vermoor, asook om plekke van aanbidding sowel as aborsieklinieke te teiken" ("*DHS berei voor vir geweld ná aborsiebeslissing*" 18 Mei 2022). Aborsieregte-aktiviste het reeds betogings voor regters se huise gehou wat ook hulle woonbuurte ontwrig het.

Indien die finale SCOTUS-mening enigsins iets soos die uitgelekte konsep is, kan ons inderdaad nie 'n vreedsame oplossing verwag nie, maar eerder 'n verskerpte reeks plaaslike gevegte. Sestien state het wette goedgekeur wat wettige aborsie sou behou, terwyl 22 state se wette meer beperkend sou word sonder *Roe vs. Wade*. Ons behoort nie veel beredeneerde debat te verwag nie. Sommige mense sal sê dat politiek dikwels veel minder oor konsekwentheid gaan as om 'n ideologie te vind wat 'n mens se persoonlike voorkeure pas. Oorweeg die gewilde refrein: "My liggaam, my keuse!" Hoeveel mense wat vashou aan daardie frase te midde van die aborsie-omstredenheid, het net maande tevore daarop aangedring dat entstofmandate op elke Amerikaanse liggaam afgewing word?

**Antieke praktyk in teenstelling met Bybelse waarhede**

Regter Blackmun het erken dat aborsie selfs in antieke tye omstrede was en dat die antieke Hippokratiese eed, wat die eerste keer deur heidense Griekse dokters afgelê is, ten minste drie eeue voor Christus, die belofte ingesluit het: "Ek sal nie aan 'n vrou 'n voorwerp gee wat in die uterus geplaas word om aborsie te bewerkstellig nie". Blackmun, wat die *Roe vs. Wade* meerderheidsmening geskryf het, het ook erken dat aborsie al duisende jare deel van die menslike samelewing is.

Daar word aan ons vertel dat in die tyd van die Persiese Ryk vrugafdrywingsmiddels bekend was en dat kriminele aborsies swaar gestraf is. Ons word egter ook meegedeel dat aborsie in die Griekse tyd sowel as in die Romeinse tyd toegepas is en dat "dit sonder gewetensbesware toegepas is". Griekse en Romeinse reg het min beskerming aan die ongeborenes gebied. Wanneer aborsie in sommige plekke wel tot vervolging gelei het, blyk dit gegrond te wees op 'n beginsel van 'n skending van die vader se reg op sy nageslag.

Wat is egter die Bybelse perspektief op aborsie? Heel eenvoudig, 'n aborsie maak 'n mens dood aan wie God lewe gegee het. God het Jeremia in sy moeder se skoot geken (Jeremia 1:5). God haat hande wat onskuldige bloed vergiet (Spreuke 6:17).

Dit is waar dat vir baie eeue lank, selfs baie mense wat hulleself as Christene beskou het, algemeen aanvaar het dat dit wat ons "lewe" noem, begin met 'n baba se eerste asemteug buite die baarmoeder. Noudat ons egter soveel meer van die lewe in die baarmoeder weet, is dit nodig dat ons baie versigtig sal wees dat ons nie in onnodige en valse argumente vasgevang word nie. Sommige mense probeer die Skrif verdraai deur te sê dat alhoewel 'n ongebore kind leef, die moord daarvan minder van 'n oortreding is as om 'n baba wat reeds gebore is te vermoor en dat hierdie verskil op een of ander manier die moord aanvaarbaar maak. Indien ons egter dáárdie redenasie volg, sal ons gou besef dat ons kindermoord en genadedood goedkeur. Sou ons dit waag om te sê dat 'n baba of kleuter wat nog nie die ouderdom van logiese redenasie bereik het nie of 'n volwassene wat aan ernstige Alzheimer se siekte ly, op een of ander wyse nie ten volle mens is nie? Ongelukkig sê toenemende getalle mense, selfs dokters, nou "ja" vir daardie idee, asook vir die idee dat genadedood en "ondersteunde selfmoord" van bejaardes nie net moreel aanvaarbaar is nie, maar selfs sosiaal wenslik.

**U besluit**

Teen die tyd dat hierdie artikel ter perse gaan, weet ons nie wat die identiteit van die fluitjieblaser is of wat die Hof se finale beslissing oor *Dobbs vs. Jackson Women's Health Organisation* is nie. *Roe vs. Wade* mag of mag dalk nie onaangetas bly nie en SCOTUS

mag of mag dalk nie in staat wees om 'n mate van sekuriteit en vertroue binne sy advokatekamers en met die Amerikaanse mense te herstel nie. Gelukkig kan Christene besluit om die Bybelse standaard te handhaaf en dit maak nie saak wat anders gebeur nie. Die vroegste Christene het belasting betaal as onderdane of burgers van 'n Romeinse Ryk waar ongewenste pasgebore babas gewoonlik in die koue gelaat is om aan blootstelling te sterf, maar hulle sou nie self aan hierdie tipe gedrag deelneem nie. Ongeag menslike wette of gebruike, het Christene 'n Goddelike verpligting voor God om deur hulle voorbeeld te wys hoe om 'n lewenswyse te volg wat werklik pro-lewe is, nie net met betrekking tot 'n kind se geboorte nie, maar om kinders groot te maak om hulle Here en Verlosser, die gewer van lewe, lief te hê en te dien.

In 'n tyd waarin instellings mense se vertroue verloor, gaan ons by *Die Wêreld van Môre* voort om daarna te streef om die waarheid met ons lesers te deel. Ons hoofredakteur, Gerald E. Weston, is baie duidelik oor die feite met betrekking tot aborsie. Sien die artikels in twee dele in die 2018 uitgawes van die *Tomorrow's World*: *"Abortion: The Real Story"*, asook sy kragtige TV-uitsending "*Tiny Fingers and Toes!*" Indien u nog nie mnr. Wallace G. Smith se *"Seven Lies About Abortion"* in ons Januarie 2022 *Tomorrow's World* gelees het nie kan u dit gerus doen. Ons by *Die Wêreld van Môre* verseker u dat ons sal voortgaan om u in te lig oor die waarheid wat betref die kultuur se skokkende bereidwilligheid om die mees onskuldiges onder ons te vermoor en wat dit vir ons toekoms beteken. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 10 – Sewe sleutels vir Bybelstudie*

vir ewig bestaan" (verse 44-45).

Watter berg of koninkryk sal oor die hele aarde regeer? Soos soveel profesieë verduidelik, sal daardie Koninkryk die Koninkryk van God wees wat deur die Koning van die konings, die Messías, Jesus Self, regeer sal word! Hy sal die laaste herlewing van die eindtydse Romeinse Ryk vernietig. Uiteindelik sal vrede oor die hele aarde heers onder die Regering en gesin van God.

Indien 'n simboliese woord nie duidelik is nie, soek elders in die Bybel vir die betekenis daarvan. Dit bring ons by ons volgende sleutel.

**Sleutel 4: Bestudeer al die Skrifture oor 'n onderwerp**

Die Bybel weerspreek homself nie: "... die Skrif [sal] nie gebreek kan word nie" (Johannes 10:35). Persone wat onderrig wat versuim om al die skrifture oor 'n onderwerp te bestudeer, leer dikwels valse leringe wat gelowiges mislei. Neem as voorbeeld die twispunt wat soms as "Wet *of* Genade" gekenmerk word. Laat God se genade Christene toe om 'n lewe van heersende sonde te lei en opsetlik ongehoorsaam aan hulle Verlosser te wees? Natuurlik nie! Jesus sê: "Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie" (Matthéüs 19:17). Nadat Hy daardie stelling gemaak het, gaan Jesus voort om verskeie van die Tien Gebooie op te noem. Ons sien dus dat God se wonderlike genade ons nie toestemming gee om Sy morele Wet te oortree nie.

Nog 'n Skrif wat algemeen verkeerd gebruik word, is Efésiërs 2:15. Ons lees dat Jesus Christus "... deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, *naamlik* die wet van gebooie wat in insettinge bestaan" werklik tot niet gemaak het. Sommige mense dink dit beteken dat morele Wette en die Tien Gebooie nie op Christene van toepassing is nie. In ooreenstemming met wat Jesus egter elders in die Skrif onderrig, verwys hierdie vers na ordinansies (Grieks: *dogma*), met ander woorde mensgemaakte wette wat verdeeldheid tussen Jode en heidene veroorsaak het. Dit herinner ons daaraan dat Christene, verenig as geestelike Israel, onder Jesus se *verheerliking* van God se Wet leef, in plaas van om onder die fisiese reëls wat fisiese Israel van die heidene geskei het.

Neem hierdie eenvoudige

*Vervolg op bladsy 18*

# 'n Sabbatsrus vir 'n angsvolle wêreld

## Deur Rod McNair

Het u 'n blaaskans nodig? Voel u gespanne, uitgeput en oorweldig? Kom ons erken dit maar: Ons leef in 'n wêreld wat gevul is met steeds toenemende eise wat ons tyd en aandag verg. Baie mense werk harder as ooit tevore net om dit steeds moeiliker te vind om aan die eise van die lewe te voldoen – wat soms verslawings, angs en *meer* konflik tot gevolg het. Verhoudings en gesondheid ly daaronder en werklike oplossings blyk buite bereik te wees.

Indien u aan angstigheid ly omdat u in die moderne wêreld leef, is u nie die enigste persoon nie. Volgens die *Anxiety and Depression Association of America* ly 40 miljoen volwassenes in die Verenigde State elke jaar aan een of ander soort angsversteuring. Dit is 18,1 persent van die land se bevolking *("Facts and Statistics," ADAA.org).*

Dit is nie nét in Amerika nie. Volgens *Our World in Data*, "word daar beraam dat 970 miljoen mense wêreldwyd 'n gemoedsversteuring of dwelmverslawing in 2017 gehad het. Die grootste aantal mense het 'n angsversteuring gehad, dit wil sê 'n geskatte 4 persent van die bevolking" *("Mental Health," OurWorldInData.org*, Augustus 2021).

Dit is duidelik dat baie van ons oorweldig is. Dit is *nie* hoe ons Skepper die lewe ontwerp het om te wees nie, maar wanneer ons angstig en depressief is, hoe kan ons uit daardie ontmoedigende – selfs gevaarlike – siklus kom?

Al hoe meer mense wend hulle tot wat dalk na 'n onwaarskynlike oplossing lyk: Die idee van 'n "Sabbat". Die skrywer en spreker Jim Burns stel dit so:

> "In die pragtige Hebreeuse taal is die woord vir rus, Sabbat. Sabbat is meer van 'n keuse van lewenswyse as om 'n middagslapie te neem of 'n dag af te neem om dinge in die huis gedoen te kry. 'n Sabbatslewe is die voortdurende keuse om binne grense in ons lewens te leef. 'n Grens is die speling tussen ons vrag en ons perke. Beperkende grense is ons verstandelike, emosionele en geestelike krag. Dit is ons reserwes, ons asemhalingsruimte, ons energie en ons lewenskragtigheid. Ongelukkig het min van ons baie speling in ons lewens" (*HomeWord.com*).

Soos hy sê, is hierdie konsep van "grense" baie belangrik, want ons *het* wel "veiligheidsgrense" in ons lewens nodig. Kantlyne is die sogenaamde "wit spasies" op die rand van die bladsye van ons tyd – dit beteken dat ons nie elke oomblik besig en aanspreeklik is nie.

Het u 'n "Sabbat" in u lewe nodig om te rus? Is dit nodig dat u 'n "Sabbatsleefstyl" aankweek? Gesonde mense besef dat ons tyd nodig het om die pas te vertraag in plaas daarvan om voortdurend hard te werk en hard te speel.

Een van die dinge wat die skadelikste bydrae lewer tot ons spanningsvolle samelewing, is die immerteenwoordige tegnologiese toestelle. Hierdie toestelle kan nuttig wees, maar dit kan ook 'n bron van baie spanning word. Ter wille van ons verstand, ons verhoudings en ons gesondheid, is dit nodig om van tyd tot tyd af te skakel. Neem dié gesin se getuienis in ag:

> "Ek en my gesin het een dag per week heeltemal skermvry begin deurbring vir wat ons ons Tegnologie-Sabbat genoem het. Ons het gelees, dagboeke gehou, kos gemaak, met vriende gekuier, fiets gery, musiek gespeel, een of ander kunsvorm beoefen en soms het ons net niks

gedoen nie. 'n Dekade later doen ons dit steeds elke week ... en dit is steeds ons gunsteling dag. Dit het die hele gesin gelukkiger en meer gebalanseerd gemaak" *("Everything You Need to Enjoy One Tech-Free Day a Week," Wired .com*, 10 Oktober 2019).

Indien ons nie beheer oor ons toestelle het nie, soek ons na moeilikheid. Hier beskryf een dame haar stryd teen die tirannie van eindelose take en hoe sy oplossings begin vind het:

"So baie van ons is moeg. Om na die behoeftes van diegene rondom ons om te sien, ons huise te bestuur, te werk of in die nag deur kinders wakker gemaak te word, vind ons onsself geestelik, fisies en emosioneel uitgeput. Hierdie uitputting lei daartoe dat ons fokus weggelei word van die dinge wat die meeste saak maak om te kan oorleef. Indien u u hiermee kan vereenselwig, het God 'n baie praktiese middel voorberei vir u vermoeidheid. Dit word Sabbat genoem ...
Indien ons ten volle die lewe en bestaan ervaar wat God vir ons beplan het, glo ek ons het 'n element van Sabbatsrus in ons week nodig! Ongeag of dit nou moeders, tuisteskeppers of werkende vroue is – Sabbat is geskep om aan 'n diepliggende behoefte in ons te voorsien" ("*How to Unleash the Power of Sabbath Rest in Your Life as a Homemaker," EmbracingASimplerLife.com*).

Ons het almal 'n gereelde, weeklikse tyd nodig om tot stilstand te kom – net om 'n gebalanseerde en verstandelike perspektief te behou. U mag dalk sê: "Dit klink alles goed en wel, maar ek is te besig om op te hou. Ek het te veel om te doen. Hierdie Sabbatstorie sal nie vir my werk nie".

Dink egter daaraan – dit is *wanneer* u oorweldig word dat u hierdie hulp die nodigste het. Indien u nie *nou* beheer oor u lewe kry nie, wanneer sal u?

**Die oorspronklike Sabbatdag**

Die idee van 'n Sabbat het nie net uit die niet verskyn nie. Dit kom van die Hebreeuse woord *shabbat,* wat beteken om te stop, 'n ruskans te neem, op te hou of om van arbeid en aktiwiteit te rus. Génesis 1 beskryf hoe God al die lewende wesens op aarde geskep het, dit sluit ook die eerste man en vrou in. Génesis 2:1 sê dan: "SO is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak" (Génesis 2:1-3).

Waar het hierdie idee vandaan gekom om tyd te neem om te rus na 'n tydperk van werk? Direk van die Skepper-God, wat daardie gedrag reg aan die begin van die Bybel geskep het – aan die begin van die beskawing!

Met ander woorde, die *idee* van 'n Sabbat bestaan al baie lank. Wat van die woord "sabbat"? Daardie woord kom in baie Bybelse gedeeltes voor, met inbegrip van Exodus 20:8: "Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig."

"Sabbat" het oorspronklik "staking" of "einde" beteken. "Gedenk die sabbatdag" beteken dus net "onthou die rusdag". Dit is iets waarvoor God genoeg omgegee het om dit in die Tien Gebooie op te neem: "Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; *dan* mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, *of* jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig" (Exodus 20:9-11).

"Sabbat" is nie net 'n vae idee nie. Dit spruit eerder uit 'n spesifieke gebeurtenis in die geskiedenis – God se rus ná Sy skeppingswerk. As sodanig geld dit elke week vir 'n spesifieke dag! God het in werklikheid 'n rusdag aan die begin van die Skepping geskep. Sy bedoeling was dat Sy kinders – die hele menslike geslag – deur ons hele lewe sou baat by 'n weeklikse

rus. God wil hê dat ons hard werk en daarna 'n welverdiende ruskans neem.

**Te besig vir 'n Sabbatsrus?**

Ons het almal nodig om ons krag te herwin en te verfris. Waarom gee ons onsself dan nie toestemming om 'n ruskans te neem nie? Dink ná oor wat in 'n artikel geskryf staan wat hierdie vraag oorweeg:

Om een of ander rede vertolk ons van nature die Bybel se stellings oor Sabbatsrus egter meer as 'n voorstel in plaas van 'n Goddelike opdrag. Ons dink: "Dit is 'n goeie idee, maar ek is te besig". Dit is waar. Ek is besig. U is besig. Ons kultuur is besig en dit is net besig om te versnel ... Ons brandstoftenks is altyd leeg en wanneer ons stilhou, kan ons amper nooit meer as 'n paar rand se brandstof in die tenk ingooi nie. Ons brandstoftenk is nooit vol nie.
Kan dit dan wees dat ons gebrek aan die onderhouding van die Sabbat tot ons uitputting bydra? Kan ons gebrek aan Sabbatsrus en aanbidding moontlik verklaar waarom ons 'n uitgeputte volk is? Kan dit die wyses wees waarop ons probeer om rus te vind dat ons nooit herstel nie, want ons is geskape om ons rus in God te vind? Watter beter geskenk kan ons moontlik ontvang as hierdie Sabbatsus in die angsvolle tyd waarin ons leef? ("Ritchie: *The gift of Sabbath rest in an anxious age," Amarillo.com,* 2 Junie 2016).

Wanneer ons aan onsself dink as *te besig om op te hou*, dwing ons onsself in 'n nimmereindigende sirkel van uitputting in en kan ons nie byhou nie. Is u moeg vir daardie siklus? Hoeveel van ons gaan van een dolle taak na 'n ander totdat ons ineenstort? Waarom rus ons nie net op 'n gereelde basis, volgens die skedule wat God vir ons gestel het nie?

Al te dikwels stop ons nie totdat ons *moet* stop nie. Heel moontlik is dit waarom God vir ons sê dat die Sabbat *verpligtend* is – Hy moet *ons beveel* om elke week 'n ruskans te neem, want daar is altyd nóg 'n bondel wasgoed om te doen, nóg 'n plek om skoon te maak, nóg 'n verslag om in te dien.

Dit kom voor dat ons as mense alte dikwels dinge doen wat goed is vir ons net wanneer ons dit skielik *moet* doen. Dalk oefen ons nie of sorg ons nie vir ons gesondheid nie – totdat ons pyn ervaar. Wanneer ons die gevolge raaksien – die lyding en negatiewe gevolge – van die verwaarlosing van ons gesondheid, *dan* voel ons verplig om op te tree.

Dit is dalk waarom God duidelik vir ons moes sê dat 'n Sabbatsrus vir ons belangrik is. Omdat Hy wil hê dat elkeen van ons 'n gesonde geestestoestand sal hê, *beveel* Hy dat ons aan die einde van elke week 'n ruskans neem. Deur Sy genade het Hy daardie tyd vir ons geskep en selfs geskeduleer – wat dit verpligtend maak, want Hy weet dat ons dikwels dinge nie doen nie, selfs dinge wat ons weet goed is vir ons – tensy ons dit absoluut moet doen. Die Sabbat is inderdaad baie goed vir ons!

Daar is egter selfs 'n groter prentjie – een wat ons moet ontdek indien ons ooit werklik wil verstaan waarom God 'n Sabbatsrus beveel het.

**Die Sabbat is vir ons eie beswil gemaak**

Die apostel Paulus skryf: "Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge" (Kolossense 2:16-17). Daar is baie misverstande oor hierdie vers, maar kom ons fokus net op een frase: Sabbat, "wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge".

Wat Paulus sê, is dat so goed soos Sabbatte vir ons is om ons 'n weeklikse rus te gee, simboliseer dit ook iets groters wat nog voorlê. Baie kenners van die Bybel erken dat daar ongeveer 6,000 jaar sedert Adam en Eva was en dat die Bybel 'n komende 1,000-jarige heerskappy van Jesus Christus beloof. Indien ons die beginsel van "een dag by die Here soos duisend jaar" toepas wat in 2 Petrus 3:8 gevind word, vind ons dat die weeklikse sewende-

***Vervolg op bladsy 20***

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Sewe sleutels vir Bybelstudie*

opmerking in ag aangaande Efésiërs 2:15 uit Matthéüs 5:17 en Romeine 3:31 wat onderrig dat God se morele standaard wat in die Ou Testamentiese Wet uitgedruk word, nie verander word deur die koms van Christus nie. Christus het inderdaad, een of ander *dogma* – mensgemaakte ordinansies – afgeskaf, maar die Tien Gebooie is steeds ten volle van toepassing en in werking.

Onverskillige gebruik van die Skrif kan lei tot valse gevolgtrekkings, soos die verkeerde idee dat Christus wel God se morele Wet afgeskaf het, in plaas van die waarheid dat Hy daardie Wet vervul en uitgebrei het. Wees versigtig dat predikante u nie verwar met "soetsappige" Bybelverse wat uit verband geruk word nie. Bestudeer *al* die skrifture oor 'n onderwerp.

**Sleutel 5: Verstaan die konteks**

Terwyl u al die skrifture oor 'n onderwerp bestudeer, gaan 'n entjie verder – lees al die Skrifture met betrekking tot 'n vers wat u bestudeer. Waarom? Sommige mense beweer byvoorbeeld verkeerdelik dat die Jerusalem-byeenkoms in Handelinge 15 heidene daarvan gevrywaar het om die Tien Gebooie te onderhou. U sal egter 'n ander idee kry – die ware feite – indien u sélf lees wat die apostel Jakobus se besluit was: "Daarom oordeel ek dat ons die wat uit die heidene hulle tot God bekeer, nie moet bemoeilik nie, maar aan hulle skrywe dat hulle hul moet onthou van die dinge wat deur die afgode besoedel is en van hoerery en van wat verwurg is en van bloed" (Handelinge 15:19-20).

Wanneer die Apostels hierdie vier verbodsbepalings spesifiseer, het dit die heidene op ander maniere gevrywaar om te sondig? Wanneer die gebod wat moord verbied oortree word of die een wat die aanbidding van enigiets of enigiemand behalwe die ware God verbied? Natuurlik nie! Die Apostels het op geen manier die morele Wet van God herroep nie. Dit is nodig dat ons dit in konteks lees om te kan verstaan. Wat was die belangrike kwessie? "EN sekere persone wat van Judea afgekom het, het die broeders geleer: As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie" (Handelinge 15:1).

Die kwessie was die besnydenis. Die konferensie het besluit dat heidene nie besny hoef te word om gered te word nie. Die apostel Paulus skryf later aan die heidense gelowiges: "Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie van God" (1 Korinthiërs 7:19). Maak seker dat u al die skrifte rondom die vers lees wat u bestudeer.

**Sleutel 6: Beproef alle dinge**

Ons hier by *Die Wêreld van Môre* werk regtig hard daaraan om u vertroue te verdien wat betref ons geloofwaardigheid en akkuraatheid in Bybelse onderrig. 'n Deel van daardie onderrig is egter dat u, geagte leser, aan uself moet bewys wat u in hierdie bladsye lees. Moenie dit wat u in hierdie tydskrif lees as vanselfsprekend aanvaar nie. Lees dit in u eie Bybel. "Beproef alle dinge; behou die goeie" (1 Thessalonicense 5:21).

Let op die gesindheid van die inwoners van Beréa, wat deur die Skrif geprys word vir hulle positiewe, ondersoekende gesindheid met die bestudering van die Skrif: "En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was" (Handelinge 17:11).

Een manier om dit te toets of te bewys, is om die beginsels en voorskrifte van die Bybel na te kom. Jesus beklemtoon dat ons volgens die Bybel moet leef, volgens "elke woord van God". Hy het gesê: "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46). U kan die beginsels in die Bybel bewys en toets deur die instruksies daarvan uit te voer. Dit is hoe u goeie insig kan verkry. Ons lees: "Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand" (Psalm 111:10). Het u dalk al opvoedkundiges gehoor praat van "leer deur te doen"? Hierdie beginsel geld ook in u Christelike lewe.

**Sleutel 7: Bid vir insig**

Die Bybel beklemtoon dat ons 'n leerbare gesindheid nodig het. Dit vertel aan ons dat koning Dawid van Israel 'n man na God se hart was (Handelinge 13:22). Let op Dawid se leerbare gesindheid wanneer hy vir begrip bid: "HERE, maak my u weë bekend; leer my u paaie. Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God van my heil. U verwag ek die hele dag" (Psalm 25:4-5).

Geagte Lesers, bid vir insig terwyl u u Bybel lees en bestudeer. Bid vir leiding. God seën diegene wat die Skrif respekteer en Sy Heilige Woord eer. Die Almagtige God sê: "Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek die HERE. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord" (Jesaja 66:2).

**Leef volgens dit wat u lees**

Die Bybel is die belangrikste Boek in die wêreld. Indien u nagelaat het om die Bybel te lees, is dit nou die tyd om te verander. Lees dit daagliks. Indien u gesindheid reg is, sal u baie geseën word en u lewe sal verander. Doen soos Jesus sê: "Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe" (Johannes 6:63).

Sal ons nasies uiteindelik die boodskap kry dat ons nasionaal sowel as individueel tot bekering behoort te kom? Sal ons ons uiteindelik tot die God van die Bybel wend, gehoor gee aan Sy waarskuwing en Sy Gebooie gehoorsaam? Dit is nodig om die Bybel te bestudeer en daarvolgens te leef. Jesus herinner ons: "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Lukas 4:4). Slegs gehoorsaamheid aan God en liefde vir die Skrif kan tot individuele asook nasionale voorspoed lei.

Die Bybel is nie net 'n Boek vir vandag nie, maar ook die Boek van die toekoms. Jesus sê: "Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie." (Lukas 21:33). Dank God dat Hy Sy ontsagwekkende geestelike waarheid – die doel van die lewe – met ons gedeel het deur Sy Woord, die Bybel. WvM


# Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms aankondig

***Weet u watter gebeure die grootste gebeurtenis van alle tye – Christus se terugkeer na hierdie aarde – sal aankondig?***

***Leer waarvoor om op die uitkyk te wees in die huidige chaotiese wêreldsituasie sodat u nie verward of onvoorbereid sal wees nie.***

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!

*Vervolg vanaf bladsy 17 – 'n Sabbatsrus vir 'n angsvolle wêreld*

dag Sabbat simbolies is van die komende Millennium. Met ander woorde, die sewende millennium van die menslike geskiedenis stem ooreen met die sewende dag van die week.

Ons vind Skrifture elders in die Nuwe Testament wat hierdie idee ondersteun, soos Hebreërs 4:1: "LAAT ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie." As gevolg van hulle ongehoorsaamheid het die Israeliete nie die Beloofde Land binnegegaan nie. Indien ons egter getrou en gehoorsaam is, kan ons God se Koninkryk binnegaan met Christus se Wederkoms.

Wat betref die sewendedag Sabbat wat vasgestel is toe God van Sy skeppingswerk gerus het, lees ons: "Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus" (Hebreërs 4:4).

"Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie, bepaal Hy weer 'n sekere dag, *naamlik* vandag, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie. Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie. Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God" (Hebreërs 4:6-9).

Wat beteken dit? Bloot dat indien ons die volk van God is, die Sabbatsrus vir ons iets baie belangrik behoort te beteken – ons behoort *nou* daardie weeklikse rus in ons lewens te onderhou. Die Griekse woord wat hier met "Sabbatsrus" vertaal word, is *sabbatismos*, wat direk van die Hebreeuse woord *shabbat* kom, wat na die weeklikse Sabbat verwys.

Dit is duidelik dat Christene die weeklikse Sabbat behoort te onderhou! Dit gaan egter veel verder as selfs dit. Indien die Sabbatte 'n vooruitskouing is van dinge wat kom, is elke sewende dag wat in die kalender voorkom ook 'n profesie van 'n komende duisendjarige Sabbat wanneer God se Koninkryk hierdie aarde sal vul ná Christus se Wederkoms.

Let op wat die boek Hebreërs ons aanspoor om te doen: "... want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie" (Hebreërs 4:10-11). Ons word daaraan herinner om ons lewens so te leef dat ons die rus van God se Koninkryk met Christus se Wederkoms kan binnegaan.

Daar is *hoop* vir hierdie moeë, vermoeide wêreld – 'n *nuwe* tydperk wat kom. Daardie *nuwe* wêreld, in teenstelling met hierdie tydperk, sal vreedsaam en vol vreugde wees – die geweld en spanning van hierdie tyd sal nie meer bestaan nie. Let op hoe die Skrif daardie nuwe tydperk beskryf:

"En die reg woon in die woestyn, en die geregtigheid hou verblyf in die vrugteboord. En die werking van die geregtigheid sal vrede wees, en die voortbrengsel van die geregtigheid rus en veiligheid tot in ewigheid. En my volk sal woon in 'n plek van vrede en in veilige wonings en in plekke van ongestoorde rus" (Jesaja 32:16-18).

Die weeklikse sewendedag Sabbat is simbolies van daardie komende duisendjarige eeu van vrede en voorspoed.

Daar is *baie* meer om oor die Sabbat te sê en u kan baie artikels en video's daaroor vind by *wvm.org*. Ons wêreld het 'n tydperk van rus *nodig*, maar in werklikheid het ons nie net 'n algemene rustyd nodig van die gejaagde pas van die lewe nie, maar die gereelde en verpligte rus wat deur ons Skepper ontwerp is.

**Die ware doel van die Sabbat – gedurende hierdie lewe en daarna**

Terwyl Jesus op hierdie aarde was, het Hy Sy dissipels 'n lewenswyse van vrede en

rustigheid geleer wat nie van uiterlike omstandighede afhanklik was nie en verenigbaar was met harde werk. Let op Sy belofte:

"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig" (Matthéüs 11:28-30).

Indien u smag na verligting van die laste van die lewe, leer by Jesus Christus. Hy het die antwoorde en Hy *sal* u vrede gee indien u gehoorsaam is aan Sy wil en op Sy liefde reageer.

Indien u bekommerd is oor u lewe en die wêreld rondom ons, onthou Jesus se vertroostende woorde:

"Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe – wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam – wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg?" (Matthéüs 6:25-27).

Christus weet dat ons hard werk om onsself te voed en vir ons gesinne te sorg. Hy beloof om ons te help wanneer ons na Hom opkyk! Let op na wat Hy dan nog sê:

"Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad" (Matthéüs 6:33-34).

Ons *kan* gemoedsrus hê. God ken die angstigheid wat hierdie wêreld veroorsaak, maar Hy bied aan ons 'n weeklikse Sabbatdag – 'n *totale* rustyd van werk elke week vir 'n 24-uur periode. Klink dit nie wonderlik nie?

Stel u voor dat u elke Vrydag teen sononder ophou werk. U bestee tyd saam met u gesin. U lees die Bybel en dink na oor God se plan vir u. U gaan Sabbatdag kerk toe saam met ander mense wat soos u dink en kuier saam met hulle. U spandeer die oorblywende ure van die Sabbatdag om te gaan stap en na te dink oor wat u geleer het en nie om gras te sny of ander take te doen nie.

Dit is die wyse waarop God die Sabbat ontwerp het – nie die manier waarop die Fariseërs dit 'n las gemaak het nie. Die Fariseërs het in werklikheid die manier afgekeur waarop Jesus en Sy dissipels die Sabbat onderhou het:

"EN terwyl Hy op die sabbat deur die gesaaides loop, het sy dissipels algaande are begin pluk. Toe sê die Fariseërs vir Hom: Kyk, waarom doen hulle op die sabbat wat nie geoorloof is nie?" (Markus 2:23-24).

Die Fariseërs het Jesus en Sy dissipels daarvan beskuldig dat hulle die Sabbat verbreek, maar Jesus het na aanleiding van hulle beskuldiging die regte perspektief aan hulle verduidelik:

"En Hy sê vir hulle: Het julle nooit gelees wat Dawid gedoen het nie – toe hy in die nood was, en hy en die wat by hom was, honger gehad het – hoe hy in die huis van God gegaan het in die tyd van Ábjatar, die hoëpriester, en die toonbrode geëet het wat vir niemand behalwe die priesters geoorloof is om te eet nie; en ook aan die wat saam met hom was, gegee het? En Hy sê vir hulle: Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat" (Markus 2:25-28).

Ja, Jesus Christus – ons Verlosser – is Here van die Sabbat. Hy het die Sabbat *geskep* en dit as 'n 24-uur periode vasgestel om terug te

***Vervolg op bladsy 22***

# Watter Dag is die Christelike Sabbat?

Hierdie LEWENSBELANGRIKE onderwerp is *veel gewigtiger* as wat meeste mense besef!

Dit sal bepaal of u regtig die ware God – die Skepper – ken, of nie. Trouens, dit gaan 'n direkte uitwerking hê op u toegang tot die ewige lewe in God se Koninkryk wat binnekort kom!

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!


***Vervolg vanaf bladsy 21 – 'n Sabbatsrus vir 'n angsvolle wêreld***

staan en oor ons lewe na te dink. Elkeen van ons kan hierdie geskenk vir onsself opeis.

Het u dus 'n blaaskans nodig? Het u rus nodig? Die Sabbat is nie net 'n idee om nou en dan 'n bietjie tot stilstand te kom nie; dit is 'n weeklikse geskenk van God om ons te verkwik en vrede te gee. Die Sabbat is ook 'n belofte van 'n beter wêreld wat kom – 'n geskenk wat God aan 'n angsvolle wêreld gee het. *Daardie geskenk behoort aan u om te neem.* WvM


# Vervulde Profesie:
## God se Hand in Wêreldsake

***Vandag staar die mensdom verbysterende krisisse van oorlog, siektes, besoedeling, droogte en hongersnood in die gesig. Waarheen sal dit alles lei?***

***Bybelprofesie onthul dat God deur huidige gebeure werk om 'n toekomstige tyd tot stand te bring wanneer die hele wêreld vrede sal ervaar.***

***Indien u verstaan wat God nou doen en wat Hy vir Sy skepping beplan het, kan u hoop hê, selfs in tye van teëspoed!***

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

# Vrae & Antwoorde

## Gee die Bybel teenstrydige weergawes van Judas Iskáriot se dood?

**Vraag:** Jammer as hierdie vraag morbied is, maar ek is 'n bietjie verward. Ek lees in die boek Matthéüs dat Judas Iskáriot homself opgehang het, maar later lees ek in die boek Handelinge dat hy basies ontplof het. U het al voorheen gesê dat die Bybel homself nooit weerspreek nie, maar dit lyk nie of hierdie weergawes ooreenstem nie. Presies hoe het Judas Iskáriot gesterf?

**Antwoord:** Baie mense het al hieroor gewonder en dit is waar dat die Bybel se weergawes van Judas se dood met die eerste oogopslag teenstrydig mag wees. Kom ons kyk tog na die twee sleutelverklarings oor hierdie onderwerp en ondersoek dit meer noukeurig.

Die meeste mense wat die Bybel bestudeer weet dat Judas Iskáriot een van Jesus se twaalf Apostels was en dat hy vir Jesus verraai het vir 30 silwerstukke. In Matthéüs 27 lees ons dat Judas berou gehad het na hierdie verskriklike verraad en probeer het om die geld aan sy samesweerders terug te gee, maar die priesters het geweier om "bloedgeld" as 'n offer te aanvaar (vers 6). Matthéüs 27:5 sê vir ons: "En hy het die silwerstukke in die tempel neergegooi en weggeloop en homself gaan ophang."

Volgens Matthéüs en die boek Handelinge het hulle dit gebruik om 'n stuk grond te koop waarin vreemdelinge begrawe kon word, in plaas daarvan om die geld in die skatkis te plaas. Terwyl daar in die boek Handelinge vertel word van die stuk grond wat met Judas se geld gekoop is, blyk dit dat daar 'n ander lot vir die verraaier beskryf word: "Hy het dan 'n stuk grond gekoop met die loon van ongeregtigheid en het vooroor geval en oopgebars, en al sy ingewande het uitgestort" (Handelinge 1:18).

Die stuk grond wat met Judas se geld gekoop is word bevestig deur Matthéüs 27:7, maar om vooroor te val en oop te bars, klink nie soos ophang nie. Hoe bring ons hierdie weergawes in ooreenstemming met mekaar?

Ons het al voorheen opgemerk dat dit nie nodig is om te aanvaar dat dit 'n teenstrydigheid is omdat daar verskillende weergawes van dieselfde feite of omstandighede in die Bybel is nie – Jesus Self sê vir ons dat die geïnspireerde Woord van God homself nie weerspreek nie (Johannes 10:35). Die talryke verslae dien eerder as veelvuldige getuies, wat elkeen sy eie besonderhede by die geheelbeeld voeg.

Dink byvoorbeeld aan die teken wat bokant Jesus se kop aan die kruis vasgespyker was terwyl Hy gekruisig is. Dit hang af van watter een van die vier Evangelies gelees word en dan sal 'n mens 'n ander weergawe kry oor wat die teken gesê het:

Matthéüs sê die teken het gelui: "DIT IS JESUS, DIE KONING VAN DIE JODE" (Matthéüs 27:37).
Markus skryf dat die teken lees: "DIE KONING VAN DIE JODE" (Markus 15:26).
Lukas berig dat dit gelees het: "HY IS DIE KONING VAN DIE JODE" en is in Grieks, Latyn en Hebreeus geskryf (Lukas 23:38).
Laastens skryf Johannes dat Pilatus se teken gesê het: "JESUS, DIE NASARÉNER, DIE KONING VAN DIE JODE" (Johannes19:19).

Weerspreek die Evangelieskrywers mekaar? Glad nie! Trouens, hulle sê nie net in wese dieselfde ding nie, maar wanneer ons ook alles bymekaar sit, kry ons 'n *voller* prentjie – een van 'n bordjie wat lees: "JESUS, DIE NASARÉNER, DIE KONING VAN DIE JODE" in die drie tale wat algemeen in die gebied voorkom.

***Vervolg op bladsy 26***

# Die werke van Sy hande Geprogrammeer om te soek

## Deur Bryan Fall

God het ons breine só ontwerp dat ons plesier en erkenning nastreef. Hoe kan ons daardie godgegewe strewe gebruik om hom te eer?

Byna elke ouer onthou toe hulle gesien het wanneer hulle babatjie 'n eerste voorsmakie kry van wat hulle gunsteling kos word. Tot groot vermaak van ouers begin hulle beentjies en handjies skop en swaai en gesiggies ophelder van plesier en genoegdoening. Des te meer doen babas en kleuters toenemend moeite om meer te soek van wat hulle wil hê.

Die dryfkrag om die gevoelens en bevrediging van plesier of beloning te soek, is 'n ingewikkelde reaksie wat in 'n mens se brein ontwerp is. Die neurale struktuur van die brein en die gepaardgaande oordrag van 'n groot hoeveelheid breinchemikalieë, is meesterlik ontwerp deur 'n wyse Skepper. Net soos babas en kleuters, is u in die fynste besonderhede geprogrammeer om op baie vlakke na konstruktiewe belonings te soek.

**Kwessie van gewaarwording**

Die brein, tesame met die ruggraat strukture wat by hierdie proses betrokke is, word gesamentlik die *limbiese sisteem* genoem, wat die "totale senuweestelsel is wat emosionele gedrag en motiveringsdryfkragte beheer" (Guyton en Hall, *Medical Physiology).* Dit sluit honger, versadiging, geheue, emosionele reaksie, sosiale en familiebande, seksuele voortplanting en moederlike instinkte in. Die anatomiese dimensie van die limbiese sisteem beslaan ongeveer vyf sentimeter in die brein. In hierdie klein spasie verbind ten minste 30 anatomies-geïdentifiseerde strukture met komplekse interaksies, direk of indirek met 50 miljard breinselle en 70 biljoen liggaamselle.

Duisende breinchemikalieë help die limbiese sisteem om inligting oor te dra. Hierdie chemikalieë word plaaslik van neuron tot neuron vrygestel of soos 'n hormoon sistemies vrygestel. Benewens die opiate wat deur die liggaam geproduseer word, sluit hierdie boodskapper-chemikalieë in die brein, neuro-oordragstowwe soos GABA, oksitosien, serotonien, adrenalien, noradrenalien en dopamien in. Die meeste mense dink aan dopamien as 'n sentrale genotvolle chemikalie, maar dit integreer ook die "soekende" dryfkrag met funksies soos kognitiewe vermoëns, hart- en nierfunksie asook motoriese beheer. Dopamien wat op verskeie plekke regdeur die limbiese stelsel geproduseer word, word aangevuur deur sensasies of selfs deur ons gedagtes en persepsies.

Wat hierdie vermenging verder kompliseer, vind ons is teikenselle se neuro-oordragreseptore. In Amerikaanse bofbal moet 'n mens 'n handskoen aanhê om 'n bal te vang. Vir dopamien om enige doel of funksie te hê, moet neurone of selle reseptor-areas hê. Net soos verskillende posisiespelers in die bofbalspan verskillende soorte handskoene gebruik, bepaal elke reseptor die plek waar 'n dopamien-boodskapper gebruik kan word. Dopamien het vyf geïdentifiseerde reseptore, elkeen vir spesifieke take soos geheue, oplettendheid, slaap, onderrig, impulsbeheer, besluitneming en selfs nierfunksie. Binne die brein het slegs sowat 1 persent van neurale weefsel dopamien-reseptore, maar daardie reseptorneurone kan elektries *regdeur* die brein kommunikeer. Sodra die dopamienboodskap afgehandel is, word dit nie verder afgeskei nie.

Die interaksies tussen hierdie ingewikkelde komponente bring asemrowende komplekse, verskillende en geïndividualiseerde resultate. Dit verskaf aan ons die reeks sensasies en plesier van 'n fynproewer wat 'n glas wyn of 'n stukkie sjokolade geniet. Dit

spoor al die woede en vrees aan wat in die wêreld se ergste oorloë was. Dit koester die lojaliteit, toegeneentheid, getrouheid en gedeelde herinnerings van 'n bejaarde getroude paartjie wat op 'n swaaibank op die stoep sit en mekaar se hande vashou.

**Vorms van vernietiging**

Ongelukkig het mense wat deur winsbejag gedryf word, hierdie kragtige en pragtig ontwerpte stelsels uitgebuit vir vernietigende, verslawende resultate. Alhoewel dit gewoonlik skadelik is, is verslawing vanuit 'n neurobiologiese oogpunt, bloot 'n uiterste manifestasie van gewoonte. 'n Verslawing kaap in wese die brein se motiverings- en beloningschemikalieë, wat 'n wyse Skepper ontwerp het om goeie gewoontes en gesonde verhoudings te versterk. Ontevrede met die Skepper se ontwerp, het die samelewing in die algemeen nuwe produkte en prosesse uitgedink, verander en toenemend kragtige middels van verslawing in werking gestel.

Die fentanielkrisis [dwelmmiddel] wat ons vandag sien, is slegs een tragiese illustrasie hiervan. Fentaniel is 'n sintetiese dwelmmiddel wat 50 keer sterker as heroïen is en 100 keer kragtiger as die morfien waaraan baie beseerde Amerikaanse Burgeroorlog-soldate verslaaf geraak het (*"Fentanyl Facts," CDC.gov*, 23 Februarie 2022). In die konstante stroom van vernietigende verandering, is fentaniel se onlangse gelyksoortige ontwikkelling, karfentaniel, wat 10,000 keer sterker as morfien is *("Carfentanil: A Dangerous New Factor in the U.S. Opioid Crisis," Drug Enforcement Administration, Justice.gov)*.

Soms gekombineer met kokaïen of heroïen, is fentaniel oënskynlik oral te vinde in die onwettige dwelmhandel. "Opioïed-verwante oordosis sterfgevalle het van 21,088 in 2010 tot 47,600 in 2017 gestyg en het in 2018 bestendig gebly met 46,802 sterftes. Dit is gevolg deur 'n aansienlike toename in 2020 tot 68,630 sterftes as gevolg van oordosis" *("Overdose Death Rates," National Institute on Drug Abuse*, *NIDA.NIH.gov)*.

Smaaklose, kleurlose en reuklose, onwettig vervaardigde fentaniel kan in neussproei of oogdruppels gesit word of op papier of klein lekkertjies gedrup word. Soos alle opioïede, begin fentaniel se werking deur aan die brein se opioïedreseptore te verbind wat euforiese gevoelens van geluk en ontspanning saam met pynverligting meebring. Namate verdraagsaamheid vir die dwelm egter toeneem, kan die individu nie meer *enige plesier sonder die opioïed* voel nie. Die drang na die dwelm neem die individu se lewe oor en oordosering raak 'n moontlikheid.

Tekens van 'n oordosis fentaniel kan binne minute of selfs sekondes verskyn, aangesien die middel in wese die sentrale senuweestelsel verlam. Volgens die *Nasionale Instituut van Gesondheid* veroorsaak 'n oordosis fentaniel verminderde sensitiwiteit van asemhalingsentrums van die brein, wat lei tot 'n gevaarlike opbou van $CO^2$. Die asemhalingsrefleks kan vinnig afneem of beëindig word. Verminderde suurstof na die brein kan lei tot "'n koma en permanente breinskade en selfs die dood" *("What is fentanyl?," NIDA.NIH.gov)*. Dit is werklik 'n aaklige manier om te sterf en 'n tragiese ondermyning van 'n stelsel wat God ontwerp het vir ons eie beswil.

**Op soek na die Ewigheid**

Ons is geprogrammeer om te soek. Ons weet wat dit is om fisies honger te wees en wat dit is om versadig te wees. Soms kan ons onmiskenbaar leeg voel, emosioneel sowel as geestelik. Lank gelede het Israel se koning Salomo, wat baie rykdom besit het, daarna gestreef om elke begeerte van hom te bevredig: "En alles wat my oë begeer het, het ek hulle nie ontsien nie: my hart het ek van geen enkele vreugde teruggehou nie" (Prediker 2:10). Ten spyte van sy soektog, het hy nogtans net bitter teleurstelling ondervind: "Daarom het ek die lewe gehaat, want die werk wat onder die son gedoen word, het my mishaag, omdat alles tevergeefs is en 'n gejaag na wind" (vers 17). Indien ons gewilliglik beheer oor ons emosies en verstand prysgee, kan dit gekaap word deur Satan die duiwel, wat ook genoem word die vernietiger ("*Abaddon*" of "*Apollyon*," Openbaring 9:11),

wat begeer om ons heeltemal van God te distansieer en ons "vol boosheid" te vul (Prediker 9:3).

Ervaar u dat u na iets soek wat u net nie kan vind nie? Lyk dit ooit asof niks u meer kan bevredig nie? U is van kop tot tone gemaak om u God te soek. Fisies, maar tot 'n baie groter mate geestelik – is u ontwerp om vervul en tevrede te wees met wat net u Skepper u kan gee. Ons leef in die "era van verslawing" met kragtige sintetiese dwelms, die Internet, alkohol en pornografie wat hulle aas aanbied en wag om dopamien en ander soekmeganismes in u brein en liggaam te kaap. Dit is in werklikheid egter niks nuuts nie; u kan 'n antieke eksperimenteerder se innerlike gedagtes en emosies in die boek Prediker lees. Salomo het verskeie ontvlugtings van die lewe probeer en tot die gevolgtrekking gekom dat net God die hartsbegeerte na iets blywends kan bevredig (Prediker 2:11; 3:11; 12:13).

Kundiges van verslawing kan nogtans sekerlik sommige mense help om 'n mate van beheer oor hulle impulse te herwin, alhoewel hierdie kundiges nie die uiteindelike antwoorde het nie. U Bybel het die antwoorde en die soeke na die waarhede wat vervat is in die Woord van God hét lewens verander. Mnr. Wallace Smith se artikel in die *Tomorrow's World* van Augustus 2022, fokus op wat u Koning, wie binnekort sal terugkeer, vir u en vir elke slagoffer van hierdie "era van verslawing" beplan. WvM

# U uiteindelike Lotsbestemming

***Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

***Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde***

**'n Vollediger prentjie**

Op soortgelyke wyse weerspreek die weergawes van Judas se dood mekaar nie, indien dit gelees word as twee weergawes wat saam bydra om 'n vollediger prentjie te skets. Judas het homself inderdaad as gevolg van skuld en skaamte opgehang. Terwyl sy liggaam egter daar gehang het, het sy lyk gedoen wat lyke doen – dit het begin ontbind. 'n Ontbinde lyk sal opblaas indien dit net so gelaat word. Uiteindelik het Judas se dooie liggaam van die tou afgeval óf is dit afgekap en toe dit die grond tref het dit oopgebars … 'n verskriklike einde vir die een wat die Messías verraai het.

Dikwels is dit die geval dat wanneer 'n mens verstaan dat die Bybel homself nie weerspreek nie, maar *wel* verskeie getuies voorsien om 'n meer volledige beeld van ware gebeure te gee, los die probleme hulleself op. Om meer uit te vind oor die foutloosheid van die oorspronklike, geïnspireerde Skrif, kan u 'n gratis eksemplaar bestel by ons streekkantoor (sien bladsy 2) van ons insiggewende boekie: *Die Bybel: Feit of Fiksie?* of u kan dit aanlyn lees by *wvm.co.za*. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

beswil verlang. Onsedelikheid moet nooit onder die vaandel van verskeidenheid geregverdig word nie. Die God wat verskeidenheid geskep het – maak nie saak waarna 'n mens op aarde kyk nie – is nie tevrede met gedrag wat skadelike resultate in Sy skepping tot gevolg het nie. Pyn en lyding is die gevolge van die verontagsaming van Sy lewenswyse soos dit geopenbaar is in Sy Woord – die Bybel.

**Verskeidenheid behaag God – nié perversiteit nie**

Waarom lyk dit asof so min mense immorele gedrag – dié wat in die Skrif veroordeel word – met pynlike resultate verbind? Een persoon wat *wel* die verband raak gesien het, is dr. Míriam Grossman. Met betrekking tot haar werk as 'n psigiater aan die Universiteit van Kalifornië, Los Angeles, skryf sy:

> "Hierdie veranderings [in morele waardes] is die gevolg van sosiale agendas wat op die kampusgemeenskap afgesmeer word en in my werk by die beradingsentrum sien ek daagliks die gevolge daarvan. Gevaarlike gedrag is 'n persoonlike keuse; om te oordeel word verbied – dit kan dalk aanstoot gee ... As 'n wetenskaplike baseer ek my argument op biologiese feite, nie Bybelse feite nie. Vergeet Levítikus – soos u sal sien, is my data van *The New England Journal of Medicine* en die *Centers for Disease Control and Prevention (Unprotected,* bll. XVII, XXIII)".

Natuurlik sal ons hier by *Die Wêreld van Môre* nie Levítikus ignoreer nie en ons dink ook nie dat dr. Grossman dit doen nie, maar sy het 'n geldige punt. Al wat 'n mens hoef te doen is om 'n mens se oë oop te maak en die verband tussen losbandigheid en die skadelike gevolge te sien wat dit meebring. Dit kan in die lewens van diegene rondom ons en somtyds ons eie lewens waargeneem word en in die wetenskap gedokumenteer word vir enigeen wat maar net sy oë oopmaak.

Selfs 'n paar aanhangers aan die voorpunt van die LGBTQIA+-beweging het 'n mate van begrip hiervoor. Let op hierdie erkenning van twee van die bekendste homoseksuele voorstanders van die afgelope halfeeu: "Verhoudings tussen gay mans hou gewoonlik nie baie lank nie ... 'n Deel hiervan is te danke aan die kenmerke van manlike fisiologie en sielkunde, wat die seksuele en romantiese vereniging van 'n man met 'n man inherent minder stabiel maak as die van 'n man met 'n vrou. (Jammer as die waarheid seermaak)" (Marshall Kirk en Hunter Madsen, *After the Ball*, bl. 318).

Hoe lank sal die mensdom pynlike lesse herhaal? Hoe lank sal dit neem om tot die gevolgtrekking te kom dat seks buite 'n monogame huweliksverhouding tussen een biologiese man en een biologiese vrou 'n slegte idee is? Om kinders aan te moedig om hulle identiteit te bevraagteken, "uit-die-kas-klim" bekendmakings te vier of puberteitsblokkers aan kinders te gee wat nie die omvang en onomkeerbaarheid van sulke optrede kan begryp nie – hierdie gedrag skep nie die soort verskeidenheid wat God behaag nie.

Die LGBTQIA+-beweging word onder die vaandel van trots gevier – 'n gesindheid wat God lank gelede voorsien het. "Kyk, dít was die ongeregtigheid van jou suster Sodom: In trotsheid, oorvloed van brood en sorgelose rus het sy en haar dogters geleef, maar sy het die hand van die arme en behoeftige nie versterk nie. En toe hulle hoogmoedig was en gruwelikheid voor my aangesig bedryf het, het Ek, toe Ek dit sien, hulle weggeruim" (Eségiël 16:49-50).

Ons het almal al die gesegde gehoor: "Wees lief vir die sondaar, haat die sonde". Dalk is dit 'n

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

## Onthou asseblief om in te skakel op *Tomorrow's World* TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

goeie manier om die betekenis daarvan beter te verstaan om aan iemand te dink wat aan kanker ly. Ons haat die kanker as gevolg van die pyn en lyding wat dit veroorsaak en ons is werklik lief vir diegene wat daardeur geteister word. Dit is die wyse waarop God diegene liefhet wat na Sy beeld geskape is. Hy het die siekes lief; daarom haat Hy dit wat hulle siek maak.

Ons afknouerige, eiegeregtige kultuur sal nie goed eindig vir Westerse nasies nie. God sorg vir almal; Hy is lief vir verskeidenheid, maar nie die soort perverse verskeidenheid wat ons vandag sien en wat algemeen bevorder word nie. Hy het 'n wêreld van kleur en vorm tot voordeel van die mensdom geskep. Kyk rondom u en geniet dit – neem die tyd om te leer oor God se plan vir alle mense oor die wêreld heen. Daardie plan is groter as wat u dalk mag dink!



# Wêreld van Môre
# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**